

23.10 RAPPORT 4: DEPUTATE PUBLIKASIES – KERKLIKE TYDSKRIFTE – DIE GEREFORMEERDE VROUEBLAD

1. Inleidend

Die Gereformeerde Vroueblad word uitgegee onder toesig van die Deputate Kerklike Tydskrifte van die GKSA met die hulp van 'n Redaksiekommissie.

1.1 *Doelstellings*

1.1.1 *Die Gereformeerde Vroueblad* is Skrifgetrou.

1.1.2 *Die Gereformeerde Vroueblad* wil die geloofsgemeenskap tussen die susters van die GKSA landswyd bevorder.

1.1.3 *Die Vroueblad bied*

1.1.3.1 geestelike verryking en verdieping

1.1.3.2 vars gemeentenuus

1.1.3.3 vrolike vroulikheid in kleur.

1.2 *Samestelling van Redaksie 2012-2015*

Die Redaksiekommissie van *Die Gereformeerde Vroueblad* bestaan uit die volgende lede: Mev Cobie Steyn (voors), Griet Swanepoel, Marlette van Rooyen (sekr), Annamie Odendaal, Annelize Fourie, Karien Brink en prof BJ de Klerk.

2. Uitvoering van opdrag

2.1 *Werkswyse*

Die Redaksie het 'n werksverdeling gedoen en elke lid van die redaksie het 'n spesifieke werk. Griet Swanepoel is as Assistent-Redakteur aangewys. Twee redaksielede, by name prof Jacques van der Elst en ds Nico Botha, wat beide baie lank betrokke was by die Redaksie, het uitgetree en in hulle plekke is aangewys Annelize Fourie en prof Ben de Klerk. Omdat Annamie Odendaal, wat ons Boekeblad hanteer, maandeliks betrokke is by die blad, is sy ook op die Redaksiekommissie aangewys.

Die beplanning van die blad word gesamentlik gedoen deur middel van maandelikse elektroniese saampraatgeleenthede asook telefoonkonferensies, en al die lede help met die werwing van bydraes.

Die Redaksie poog om elke jaar ten minste een keer in Pretoria te vergader om mekaar ook van aangesig tot aangesig te sien. In 2012 kon ons vanweë omstandighede nie fisiek vergader nie, maar in 2013 het ons op 13 Julie 2013 vergader. Belangrike sake wat tydens hierdie vergadering hanteer is:

2.1.1 Aanwys van nuwe Redaksielede in die plek van prof Van der Elst en ds Botha;

2.1.2 Aanwys van ekstra Redaksielid;

2.1.3 Goedkeuring van werwing en plasing van advertensies vir ekstra inkomste.

Vergaderings/telefoonkonferensies van die Deputate Kerklike Tydskrifte, soos van tyd tot tyd geskeduleer, is deur Mev Steyn bygewoon.

2.2 *Tegniese versorging*

Die voorblaaië en bladuitleg word – in noue samewerking met die Redakteur – gedoen deur 'n professionele bladuitlegkunstenaar, Karien Brink. Die Redakteur – met een of twee redaksielede wat haar wanneer nodig bystaan – is verantwoordelik vir die taalversorging, proefleeswerk en persklaarmaking van die blad.

2.3 *Inhoud van die blad*

Die Gereformeerde Vroueblad bevat maandeliks rubrieke gerig op die gelowige vrou, wat die volgende insluit: Vrae oor geloofsake (Ds Sê My), Gemeente-Mosaïek, sustersaktiwiteite, nuuswaardige geleenthede op kerklike terrein en die bekendstelling van diensorganisasies. Daar verskyn maandeliks drie IN DIEPTE-artikels wat die gekose tema vir die maand Skriftuurlik begrond, daarna volg drie LEEFDINGE-artikels wat die IN DIEPTE-artikels prakties toepas in ons lewens van elke dag. Dan is daar ook nog 'n skets, TEKS & VERS; BYBELSE BERADING, BOEKEBLAD, LENS OP DIE BYBEL, WOORD-WYS UIT WAKKERSTROOM en ons gereelde bydraes HARTSKATTE en KALEIDOSKOOP. Mev Ansie du Plessis het aan die einde van 2012 uitgetree as opsteller van KALEIDOSKOOP en sy is opgevolg deur ds Christo Swanepoel.

2.4 *Kommunikasie, reklame en bemarking*

Die Redaksie streef daarna om goeie kommunikasie met die lesers op te bou. Kansellaries en die redes daarvoor word altyd opgevolg en moontlike oplossings word gesoek.

Meer kan nog gedoen word om die Voorsitters van die sustersorganisasie van die onderskeie gemeentes te motiveer om ons blad te bemark. Soos met al die ander Kerklike Tydskrifte, bly dit 'n kopseer dat die intekenaantal jaarliks daal. 'n Mens moet egter in gedagte hou dat daar 'n tendens is dat mense al hoe minder gedrukte media aankoop, en dalk goedsdiks meer fokus op elektroniese media.

Ons het tydens die Saamtrek van 2014 ook baniere na elke streek gestuur en wil hierdie baniere ook nog verder gebruik om bemarking te doen. 'n *Power Point*-aanbieding word ook vir die bekendstelling van die blad jaarliks na elke saamtrestreek gestuur.

Ons het 'n *Facebook*blad waar ons met ons lesers kommunikeer en beplan ook nog 'n webblad, wat dan die meer formele gesig van *Die Gereformeerde Vroueblad* sal wees. Hierdie blad sal 'n skakel hê – terug na die GKSA se webwerf.

Die Redaksiekommissie kry baie positiewe terugvoering oor die blad, en daaroor is ons baie dankbaar.

Die blad se Bladbouerfonds word goed ondersteun deur donasies van lesers en sustersgroepe. Dit staan onder die beheer van die Redaksie en ons het dit vir 'n aantal jare gebruik om die intekeningfooie te subsidieer om dit so laag as moontlik te hou. Gesien in die lig van die daling in intekenaantalle het die Redaksiekommissie egter besluit om die subsidie stelselmatig uit te faseer – teen 2016 sal die intekenfooie nie meer gesubsidieer word nie. Op hierdie manier wil ons ook ons fonds beskerm.

2.5 *Saamtrekke*

Die Redaksiekommissie is in noue skakeling met dr Wymie du Plessis, wat as koördineerder van die jaarlikse saamtrekke optree. In samewerking met haar stel die Redaksiekommissie dan ook jaarliks die Jaartema vir die saamtrek vas uit die voorgestelde temas wat dr Du Plessis uit die streke vir ons aanstuur. Jaarliks, in Juliemaand, publiseer ons die Saamtrekbylaag waarin die verskillende streke berig oor hulle saamtrekke. Op versoek van die lesers het ons sedert 2013 begin om ook van die toerustingseleenthede tydens saamtrekke (bladspasie laat ons nie toe om al 18 streke s'n te publiseer nie!) te verwerk tot artikels, sodat susters dwarsoor die land kan lees wat in die ander streke gebeur het. In 2014 het ons baie positiewe terugvoering van die sprekers af gekry en heelwat van die hierdie artikels geplaas.

2.6 *Verspreiding*

Om koste te bespaar, word die Kerklike Tydskrifte, waar moontlik, gesamentlik versend. Groepsintekening word aangemoedig, maar ons sal veral ook moet begin fokus daarop om elektroniese intekenare te werf. Die kommer oor die daling in intekenaantalle is reeds elders in hierdie Rapport uitgespreek.

Rapporteur: